# (2) Godsdiens of Verbond? (21-09-2025)

Die waarheid is dat God nooit hierdie verbond, wat Hy as gevolg van liefde gemaak het, gestop het nie. Die ou verbond was met hierdie nageslag van Jakob en die nuwe verbond is ook met hulle. ***Hebreërs** 8:6-10  Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is.  (7)  Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie.  (8)  Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring,  (9)  nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.  (10)  Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.*

Volgens God se verbond sal Hy vir ons 'n God wees. As ons in die nood is, wil Hy hê ons moet Hom aanroep, want Hy wil ons uitred. Die openbaring is dat as ons in die nood is, sal Hy ons uitred, want ons het 'n verbond met Hom. 'n Verbond is 'n wettige ooreenkoms en Vader eer sy wettige ooreenkoms. ***Psalm** 50:15-16  en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.  (16)  Maar aan die goddelose sê God: Wat vertel jy nog my insettinge en neem jy my verbond in jou mond—*

Wanneer ons besef ons het 'n verbond met God en dat al sy beloftes in Hom ja en in Hom amen is, sal ons nie meer hulp op ander plekke soek nie. Omdat ons nie weet ons het so 'n verlossings-verbond nie, kan ons nie daarop staatmaak nie en probeer ons ander metodes om van ons probleme ontslae te raak. Indien ons volkome op Hom sou vertrou, omdat ons 'n verbond met Hom het, sal ons **altyd** op sy verlossing staatmaak en nie op ons eie vermoë nie. Dawid het nie getwyfel of hy die reus kon verslaan nie, maar omdat hy die verbond geken het en omdat hy die God van die verbond geken het, het hy net op God vertrou en geen plan B gehad nie.

Wanneer ons volkome op Hom kan vertrou, omdat ons weet ons het 'n verbond met Hom, sal Hy altyd getrou wees aan sy verbond. Wanneer ek dan na die wêreld-omstandighede sou kyk, sal ek my geensins daaroor bekommer nie, want ek het 'n verbond met die Almagtige. **Wanneer ek weet van 'n probleem wat op pad is, sal ek nie bekommerd wees nie, want ek sal weet dat God ook van dit bewus is en reeds besig is om aan my uitkoms te werk.**

Ons lees in Openbaring van die merk van die dier wat gaan voorkom dat ons kan koop en verkoop as ons nie die dier aanbid nie. Nou weet ons reeds dat dit op pad is en dat ons nie sal kan koop en verkoop nie, omdat ons gaan kies om nie die merk te ontvang nie. Die implikasie is dat ons ons huise en kos sal verloor en op straat gaan beland. Die waarde van die verbond is dat ek dan nou reeds weet dat God klaar besig is om vir my voorsiening te maak vir in daardie tyd en dat ek my nie daaroor hoef te bekommer nie. Hoekom sal Hy dit dan vir my doen en nie vir die ander nie? Want ek het 'n verbond met Hom en ek vertrou Hom en sy verbond met my.

***Psalm** 91:7-16  Al val daar duisend aan jou sy en tien duisend aan jou regterhand—na jou sal dit nie aankom nie.  (8)  Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien.  (9)  Want U, HERE, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak.  (10)  Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie;  (11)  want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë.  (12)  Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie.  (13)  Op die leeu en die adder sal jy trap, die jong leeu en die slang vertrap.  (14)  Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken.  (15)  Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee.  (16)  Met lengte van dae sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien.*

**Omdat ons dus in ‘n verbond met God is, en ons weet dat die verbond altyd ten gunste van ons is, en omdat ons weet dat God die vermoë het om sy verbond te hou, behoort dit ons hele lewe te domineer.** As ons kan besef dat Hy in elke oomblik van ons lewe betrokke is, met die goeie verbond as gesindheid, sal ons nooit vrees nie. Dit maak nie saak wat in ons lewe gebeur nie, God is uiters bewus daarvan, want Hy het ‘n verbond met ons.

Elke oomblik van my lewe is Hy betrokke, want sy goeie verbond is elke oomblik geldig. **Hy is ‘n goeie God en bedink goeie dinge oor ons en volgens sy wettige ooreenkoms, met ons, sal Hy sorg dat alles wat in ons lewe gebeur ten goede mee werk vir ons voordeel.**

Omdat ek dus weet dat Hy elke oomblik van my lewe betrokke is en die vermoë het om gebeure en omstandighede te beïnvloed, sal dit tot my eie voordeel wees om my lewenswandel oor te laat aan sy voorsiening. ***Psalm** 37:3-7  Bet. Vertrou op die HERE, en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid,  (4)  en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.  (5)  Gimel. Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer;  (6)  en Hy sal jou geregtigheid laat voortkom soos die lig en jou reg soos die middag.  (7)  Dalet. Swyg voor die HERE en verwag Hom; wees nie toornig op hom wat voorspoedig in sy weg is nie, op die man wat listige planne uitvoer nie.*

**Elke gebeurtenis in ons lewe en elke besluit in ons lewe kan ons volgens die verbond aan God oorlaat en dit sal uitwerk volgens die verbond.** As iemand jou parkering vat, sien dit as ‘n bestiering van God, en alhoewel jy die parkering wou hê, weet jy daar is ‘n rede waarom jy dit nie gekry het nie. Daar is nou twee keuses van optree. Die natuurlike een is om kwaad te word en die parkering te probeer vat (dit is my wil) of om te besef ek is in ‘n verbond met die Allerhoogste en Hy het bepaal dat ek nie die parkering kry nie en dit is daarom reg met my.  As dit vir my beter sou wees om die parkering te sou kry, sal niemand dit by my kan vat nie. God bepaal of ek dit kry of nie, laat sy wil geskied, want dit is volgens ons verbond, vir my beter.

God werk met ons volgens sy verbond en sodra ons dit besef kan ons saam met Hom werk, in plaas van teen Hom. Volgens sy verbond bedink Hy goeie dinge oor my en laat die goeie dinge oor my gebeur, maar ek saboteur Hom dan deur in te meng met my eie wil. **Hoe meer ek saam met Hom werk en nie teen Hom werk nie, hoe meer kan Hy sy verbond in my lewe laat geskied.**

As gevolg van sy verbond lei Hy die volk van die verbond na die beloofde land toe. Die verbond hou vir hulle baie goeie voordele in, maar omdat hulle gereeld nie saam stem met God se metodes nie, saboteur hulle sy plan met hulle. Hulle wil die beloofde land hê, maar op hulle manier en dit veroorsaak dat hulle dit later nie kan verkry nie. God se goeie wil oor ons is die beloofde land in ons lewe, maar ons meng so in, dat Hy nie dit kan doen wat Hy vir ons beplan het nie.

God se beplanning met ons is die beloofde land en om daar te kom, moet ons soms eers deur die woestyn. Dit is hier waar ons rebbeleer, want ons lewe vir die “nou” en nie vir die groter toekoms nie.